VENSTER VAN DIE LEWE

2019

13 Januarie 2019

Vensters op Seisoene

Snap here to pay

Eredienste

Oggend	09:00	: Ds Marius Cornelissen - Seisoene onder God se beheer. Psalm 74 en 119
Dissipelland	09:00	: Nelia Wagner
Adoramus	18:00	: Ds Francois Esterhuizen - Hoe kosbaar is U trou, o God. Psalm 36
Aand	18:00	: Ds Déwyk Ungerer - Maak die venster oop en leef jou droom. Filippense 3

Belangrike Datums

20 Januarie	- 16:00	: Diakonieraadsvergadering in die konsistorie
21 tot 24 Januarie	- 10:00 en 19:00	: Toewydingsweek
Sondag 27 Januarie	- 09:00 en 18:00	: Nagmaal

Bedieninge vergader vanaf 28 Januarie tot 1 Februarie

Gemeentekamp - 1 tot 3 Februarie 2019

Bybelskool

Die Bybelskool begin Dinsdag, 15 Januarie om 09:00. Ons begin met die boek Prediker. Almal welkom. Die handleiding op Prediker kos R130.00 en is by die kerkkantoor beskikbaar. Vir navrae kontak ds Francois (082 786 9674).

Diensgetuienis

Die Afrika-taal Sondageredienste begin Sondagmiddag, 13 Januarie om 14:00 in die Konsistorie. Vir navrae kontak ds Francois (082 786 9674) of Frans Madiseng (079 763 7976).

Tyd tussen Epifanie en Lydenstyd: 2 Januarie tot 2 Maart

Hierdie periode word in verband gebring met Jesus se aardse bediening voor Sy reis na Jerusalem. Op 13 Januarie word die doop van Jesus herdenk, die begin van Sy openbare bediening. Op Sondag, 24 Februarie word Jesus se verheerliking op die berg herdenk en staan bekend as die Sondag van die Verheerliking.

Die kleur tydens hierdie tyd is groen, die kleur van groei en simboliseer die groei van die kerk in die wêreld.

Teeskink na die Erediens

Een van ons gemeente se lekker dinge is om elke Sondag na die erediens ’n heerlike koppie koffie/tee saam te drink.

Om voort te gaan met hierdie bediening, het ons hande nodig wat kan help. Tans maak ons gebruik van die onderskeie Omgeegroepe en die verskillende Bedieninge van die Kerkraad om elke Sondag tee te skink. Om dit elke Sondag te kan regkry, het ons nog ’n paar hande nodig.

Sou jy dalk voel dat jy op hierdie wyse ’n bydrae kan maak vir mede-lidmate en dalk ’n Sondag of twee wil kom help met die teeskink, laat weet asseblief vir Louisa by die kerkkantoor dat jy bereid is om te help.

Louisa (tussen 08:00 en 13:00) 012 654 3936/e-pos: raslouw3@mweb.co.za

Senior Bediening
Riana Kriel (083 495 1400)

Seenagers (almal bo 60)

Wat gebeur : Volgende byeenkoms
Waar : **Saal**
Wanneer : Woensdag, 30 Januarie
Tyd : **09:00**
Koste : R20.00

Lyndanse

Begin: Maandag, 14 Januarie
Tyd: 09:00
Koste: R40.00 per klas

Nog 'n jaar jonger

Graag wil ons die volgende lidmate gelukwens met hul verjaardae en God se rykste seën toebid:

Van der Berg	Tinie	01/13 082 878 1792
Van der Merwe	Herman	01/13 082 805 1170
Coetzee	Thea	01/14 082 462 6844
Uys	Etheresia	01/15 072 909 7518
Van der Merwe	Herman	01/15 076 316 5900
van Tonder	Drieka	01/15 082 921 1358
Jacobs	Andre	01/16 082 859 5340
Daniel	Susan	01/18 083 272 2833
Van der Neut	Bets	01/18 082 567 2026
Page	Gert	01/19 072 129 3327

Gebed vir die siekes en Algemene Pastoraat

Kontak gerus een van die leraars vir enige gebedsversoeke.

- **Ria van den Berg** - Bid asseblief vir haar gesondheid (082 378 0019).
- **Heiltjie Jonker** – Heiltjie is baie siek. Bid vir algemene gesondheid (Sonja 072 381 8120).
- **Werner Ferreira** - Werner is in die hospitaal op Brits met longontsteking (072 640 1726).



INNIGE MEEGEVOEL AAN…

- De Vries-gesin, familie en vriende met die afsterwe van Martie (079 717 5265).

Pastoraat - Trauma-opleiding

Hiermee word lidmate uitgenooi om in te skryf vir 'n kursus in Trauma-opleiding. Die boek wat hanteer gaan word, is "Anderkant Trauma Verby." Die kursus sal in Januarie 2019 'n aanvang neem. Ons het getalle nodig aangesien die boek bestel moet word.

Enige belangstellendes kan ds Francois (082 786 9674) of Tienie (082 878 1792) kontak.

GEMEENTEKAMP

Alle uitstaande betalings moet asseblief so spoedig moontlik by die kerkkantoor inbetaal word.

JEUGBEDIENING 2019

Die Jeugspan is nou voluit besig om te beplan vir 2019. Ons wil graag 2019 'n besondere jaar vir ons jeug in Raslouw maak. Net om jou so kykie te gee na die program:

- Deurnagte, kampe, Jeug musiekfees, kuiers en baie meer

Maar ons het JOU hulp nodig!!!

Wie kan help met:

Dissipelland – ons is op soek na 'n leier asook helpers

Laerskool Kategete	-	Graad 4, 5, 6 en 7
Hoërskool Kategete	-	Graad 7 en 8
Aflos vir hoërskool klasse		

Kontak ds Déwyk Ungerer (082 572 6463) of Nelia Wagner (084 880 3355)

ENKELAKSIE SONDER GRENSE!
Beplanningsvergadering

Wanneer	:	Sondag, 20 Januarie 2019
Tyd	:	15:00
Plek	:	NG Kerk Raslouw Konsistorie
Bring saam	:	Uitstappie-, kuier-idees en nuwe enkelvriende!
RSVP	:	Donderdag, 17 Januarie 2019 (getalle vir eetgoedjies asseblief?)
Navrae	:	Estelle van der Merwe by 084 954 2822

Alle enkelpersone is welkom, enige ouderdom of kerkverband!

Hoop om jou daar te sien!

Doopbediening in Raslouw

Daar is een geleentheid per kwartaal geskeduleer waar leraars die voornemende doopouers ontmoet vir gesprek/kategese oor die doop ('n soort "normaalklas"). Die volgende geleentheid is **Donderdag, 31 Januarie om 19:00**. Alle ouers wat gedurende die 1ste kwartaal (**Sondag, 10 Februarie (ds Déwyk Ungerer, 3 Maart (ds Sonet Dippenaar) of 7 April 2019 (ds Sonet Dippenaar)** hulle kinders ten doop wil bring, moet hierdie geleentheid bywoon. **Dit is verpligtend**.

Tydens die gesprek sal die leraar die volgende met die doopouers bespreek:

1. Die aansoekvorm met persoonlike inligting vir die betrokke doopdatum wat ingevul moet word. Dit vergemaklik administrasie in die kantoor en voorbereiding vir die doop.

2. Die ouers sal dan ook 'n Doophandleiding ontvang wat hulle tuis moet gaan deurwerk.

3. Sodra hulle dit deurgewerk het, moet hulle met die betrokke leraar wat daardie Doopsondag die erediens hanteer, kontak maak en 'n persoonlike afspraak maak.

4. Tydens hierdie persoonlike gesprek sal die betrokke leraar die inhoud en antwoorde in die Doophandleiding met die egpaar bespreek.

5. Finale reëlings sal ook getref word met die doopouers met die oog op die Doopsondag.

Kontakpersoon : Ds Déwyk Ungerer (082 572 6463)

Kursus vir die eerste kwartaal

Bou sterker verhoudings - dit is die tema van ons kursus wat ons in die eerste kwartaal aanbied. Dit is ontwikkel deur “Walk thru the Bible” en gaan ons help met:

1. Verstaan jouself:
   Ontdek die unieke sterk- en swakpunte wat jy in elke verhouding inbring.

2. Waardeer jouself en ander mense:
   Verkry ’n beter insig en waardering vir jou eie gedragstyl en dié van ander mense.

3. Ontwikkel jou aanpasbaarheid:
   Leer hoe om jou eie gedragstyl aan te pas om in ander se behoeftes te voorsien.
   Hierdie kursus doen nie ’n persoonlikheidsontleding nie, maar werk met gedragstyle: Jou natuurlike gedrag en aangeleerde gedrag. Dit gaan jou help om insig te kry in jou gedrag ten opsigte van:
   - Hoe dit jou verhouding met ander beïnvloed
   - Hoe jy onder spanning reageer
   - Jou ideale omgewing waarin jy die beste presteer
   - Jou moontlike tekortkominge waaraan jy aandag kan gee
   - Hoe jou emosies deur jou gedrag bepaal word

Tyd	:	Sondagaande tydens die aanddiens (18:00)
Plek	:	Konsistorie
Tydperk	:	Begin Sondag, 27 Januarie 2019 vir 7 aande tot 10 Maart 2019
Koste	:	Donasie in die vorm van kollekte
Inskrywingsvorm	:	Beskikbaar by die kerkkantoor

Tuinwerker

Die gemeente is op soek na ‘n voltydse, betroubare en hardwerkende tuinwerker. Indien jy iemand kan aanbeveel, kontak asseblief ds Déwyk Ungerer (082 572 6463).

VERKIESING VAN KERKRAADSLEDE

Tydens die Sentrale Kerkraadsvergadering van 22 November is die volgende lidmate verkies:

Susan Maritz - Koördineerder (Kerkkantoor)
Pieter Henzen - Koördineerder (Omgeebediening)

Halleluja! Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitspansel! Loof Hom oor sy magtige dade, loof Hom na die volheid van sy grootheid! Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter; loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit; loof Hom met helder simbale, loof Hom met klinkende simbale! Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

Psalm 150

Betalingsmetodes

Snapscan | Internet | Magneetband | Koevert | Kontant